
# LEWENSKRAG

Hierdie Skrifgedeeltes is saamgestel om mense in tye van siekte en moeilike omstandighede te vertroos en te bemoedig.



Afrikaans 2020-vertaling

**Lewenskrag**

Eerste digitale uitgawe 2022

Bybelteks: Die Bybel in Afrikaans 2020-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2022

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die kopiereghouer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel van inligtingsbewaring en -ontsluiting.

Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika,
Posbus 5500, Tygervallei 7536, Bellville

www.bybelgenootskap.co.za

| | |
|---|---|
| Epub-formaat | ISBN 978-0-7982-2502-1 |
| Mobi-formaat | ISBN 978-0-7982-2503-8 |
| PDF-formaat | ISBN 978-0-7982-2504-5 |

# Inhoud


Psalm 23:1-6 . . . . . . . . . . . By die Here is ek versorg
Psalm 27:1-14 . . . . . . . . . . . . . Wag op die Here
Psalm 46:1-12 . . . . . . . . . . Moenie bang wees nie
Psalm 51:1-14 . . . . . . . . . Bely jou skuld voor God
Psalm 91:1-4 . . . . . . . . . . . . By die Here is ek veilig
Psalm 103:1-5 . . . . . . . . . . Juig oor God se liefde
Psalm 121:1-8 . . . . . . . . Die Here beskerm my lewe
Psalm 125:1-2 . . . . . . . . . . . Vertrou op die Here
Psalm 130:1-8 . . . . Die Here bevry my van sondeskuld
Psalm 139:7-12 . . . . . . . . . . . . God is oral by my
Spreuke 3:5-6 . . . . . . . . . Vertrou die Here volledig
Jesaja 26:3-4 . . . . . . . . . . . . Vertrou op die Here
Jesaja 40:1-8 . . . . . . . . . God se woord is betroubaar
Jesaja 40:28-31 . . . . . . . Die ewige God gee nuwe krag
Jesaja 43:1-3a . . . . . . . . . Jy behoort aan die Here
Jesaja 55:6-9 . . . Die Here is genadig en vergewe sonde
Matteus 5:3-10 . . . . . . . . . . . . . . . Ware geluk
Matteus 6:25-34 . . . . . . Moet julle nie bekommer nie
Matteus 7:7-8 . . . . . . . . . . . . . Gebedsverhoring
Matteus 8:5-8,13 . . . . . . . . Geloof van 'n onwaardige
Matteus 10:29-31 . . . . . . . . Moenie bang wees nie
Matteus 11:28-30 . . . . . . . . . . Jesus se uitnodiging
Matteus 15:30-31 . . . . . . . . Genesing van baie siekes
Matteus 16:24-26 . . . . . . . . . . Navolging van Jesus
Markus 4:37-39 . . . . . . . . . . Stilmaak van die storm
Lukas 4:18-22 . . . . . . . . . . . Bediening van Jesus
Lukas 15:3-7 . . . . . . . Gelykenis van die verlore skaap
Lukas 17:12-19 . . . . . . . . . Lof aan God vir genesing
Lukas 18:15-17 . . . . . . . . . . . . Kindertjies geseën
Johannes 3:16-17 . . . . . . . God se liefde vir die wêreld
Johannes 4:13-14 . . . . . . . Jesus se lewegewende water
Johannes 10:11-16 . . . . . . . . . Jesus die goeie herder
Johannes 14:1-7 . . . . . . . . Jesus die weg na die Vader

Johannes 15:12-17 . . . . . . . . . . Vriende van Jesus se
. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . liefde vir mekaar
Johannes 17:3 . . . . . . . . . . . . . . . . Ewige lewe
Romeine 5:1-5 . . . . . Geregverdig op grond van geloof
Romeine 8:31-39 . . . . . . . . Onwrikbare liefde van God
Romeine 15:4-6 . . . . . . . . Volharding, bemoediging,
. . . . . . . . . . . . . . . . . en eenparige lof aan God
1 Korinthiërs 13:1-13 . . . . . . . . . Lied van die liefde
1 Korinthiërs 15:54-58 . . . . . . . Oorwinning oor dood
2 Korinthiërs 1:3-5 . . . . God se bystand in beproewing
2 Korinthiërs 4:16-18 . . . . Moed in tydelike verdrukking
2 Korinthiërs 12:7b-9 . . . . . . . . . Krag in swakheid
Efesiërs 3:14-21 . . . . . . . . God se krag laat ons die
. . . . . . . . . . . . . . . . . . liefde van Christus ken
Filippense 4:4-9 . . . . Allesoortreffende vrede van God
2 Timoteus 3:14-17 . . . . . . Heilige Skrifte gee wysheid
. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . tot verlossing
Hebreërs 13:20-21 . . . . . . . . . Toerusting deur die
. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . God van vrede
1 Petrus 1:23-25 . . . . . . . . . Lewende en blywende
. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .woord van God
1 Johannes 4:7-12 . . . . . 'n Lewe in die liefde van God
Matteus 6:9-13 . . . . . . . . . . . . . . . . Ons Vader

# By die HERE is ek versorg

*Psalm 23:1-6*

ʼn Psalm. Van Dawid.

Die HERE is my herder;
ek ly nie gebrek nie.

In groen weivelde
   laat Hy my rus;
na water waar daar rusplek is,
   lei Hy my.
Hy gee my nuwe lewenskrag;
Hy lei my op die regte paaie
   ter wille van sy Naam.
Selfs as ek in die donkerste kloof ingaan,
   is ek nie bang vir gevaar nie,
want U is by my.
Dit is u staf en u stok
   wat my gerusstel.

U dek vir my ʼn tafel voor die oë
   van my teenstanders.
U verfris my kop met olie;
my beker loop oor.

Net goedheid en troue liefde sal my volg
   al die dae van my lewe,
en ek sal terugkeer
   na die huis van die HERE,
   tot in lengte van dae.

# Wag op die HERE

*Psalm 27:1-14*

Van Dawid.

Die HERE is my lig en my redding –
vir wie sal ek vrees?
Die HERE is die toevlug van my lewe –
vir wie sal ek bang wees?

As kwaaddoeners op my toesak
om my lewendig te verslind,
ja, my teenstanders en my vyande,
struikel hulle self en val.
Al sou 'n leër teen my laer opslaan,
sal my hart nie bang wees nie;
al sou 'n oorlog teen my uitbreek,
sal ek nogtans bly vertrou.

Een ding het ek van die HERE gevra
en dit sal ek bly nastreef:
om al die dae van my lewe
in die huis van die HERE te woon,
om die lieflikhede van die HERE
te aanskou en daaroor
na te dink in sy tempel.

Ja, Hy steek my weg
in sy skuiling op 'n dag van onheil;
Hy verberg my in die beskutting
van sy tent;
Hy tel my hoog op 'n rots.
Daarom is my kop hoog
bo my vyande rondom my.
Ek wil met uitroepe van vreugde
offers bring in sy tent,

ek wil sing,
ek wil die HERE besing.

Luister tog, HERE, na my stem
   wanneer ek roep,
wees my genadig en antwoord my!

My hart eggo u woorde:
"Julle moet my teenwoordigheid
   opsoek!"
U teenwoordigheid, HERE,
   soek ek op.
Moet u gesig
   nie vir my verberg nie,
moet u dienskneg
   nie in toorn wegwys nie.
U was my Helper,
moet my nie verstoot of verlaat nie,
   God wat my red.
Selfs al verlaat my vader en moeder my,
   die HERE sal my aanneem.

HERE, leer my u pad,
lei my op 'n gelyk pad,
   vanweë my vyande.
Moet my nie oorgee aan die begeerte
   van my teenstanders nie;
want vals getuies
   het teen my opgestaan,
en hulle blaas geweld aan.

As ek darem nie geglo het
   dat ek die goedheid
   van die HERE sal beleef
   in die land van die lewendes nie!
Wag op die HERE!
Wees sterk en hou moed,
ja, wag op die HERE!

# Moenie bang wees nie

*Psalm 46:1-12*

Vir die musiekleier. Van die Koragiete. Op "Jong vroue". 'n Lied.

God is vir ons 'n skuilplek
en 'n bron van krag;
as hulp in benoudheid
is Hy altyd te vinde.
Daarom sal ons nie bang wees
wanneer die aarde skud,
en berge wankel in die hart
van die see nie.
Sy waters kan maar woed,
kan maar skuim,
berge kan maar bewe
in sy dreuning. *Sela*

Daar is 'n rivier –
sy watervore verskaf vreugde
aan die stad van God,
die heiligste woonplek
van die Allerhoogste.
God is in haar midde,
sy sal nie wankel nie.
God sal haar help
wanneer die oggend aanbreek.
Nasies was onstuimig,
koninkryke het gewankel,
Hy het sy stem laat hoor;
die aarde sidder.
Die HERE, Heerser oor alle magte,
is met ons,
'n toevlugsoord is die God
van Jakob vir ons. *Sela*

Kom kyk na die dade van die HERE,
   Hy wat skrikwekkende dinge
   op aarde doen,
   wat oorloë laat ophou
   tot aan die einde van die aarde.
Boë breek Hy stukkend
en Hy verpletter spiese;
waens verbrand Hy in die vuur.

"Bedaar en erken dat Ek God is,
Ek is verhewe bo die nasies,
Ek is verhewe bo die aarde."
Die HERE, Heerser oor alle magte, is met ons,
'n toevlugsoord is die God
   van Jakob vir ons. *Sela*

# Bely jou skuld voor God

*Psalm 51:1-14*

Vir die musiekleier. 'n Psalm. Van Dawid. Toe die profeet Natan na hom gegaan het nadat hy met Batseba omgang gehad het.

Wees my genadig, o God,
   volgens u troue liefde;
wis my oortredings uit
   volgens u groot ontferming.
Was my heeltemal skoon van my sondeskuld
en reinig my van my sonde
want ek is deeglik bewus
   van my oortredings
en my sonde is voortdurend voor my.
Teen U, teen U alleen, het ek gesondig
en gedoen wat verkeerd is in u oë,
   sodat U gelyk sal hê
   as U uitspraak lewer,
   volkome reg wanneer U oordeel.

Kyk, in sondeskuld is ek gebore,
sondig toe my moeder
met my swanger geraak het.
Kyk, getrouheid verwag u reeds
in die moederskoot,
in die verborgenheid leer U my wysheid.
Neem my sonde weg met marjolein
sodat ek rein kan wees,
was my, dan sal ek witter as sneeu wees.
Laat my weer uitroepe
van vreugde en blydskap hoor;
laat die gebeente
wat U verbrysel het, juig.
Sluit u oë vir my sonde,
en al my sondeskuld, wis dit uit!
Skep 'n rein hart vir my, o God,
vernuwe 'n bestendige gees
in my binneste.
Moet my tog nie wegdryf
uit u teenwoordigheid nie;
en moet u heilige Gees
nie van my wegneem nie.
Laat my weer die vreugde
oor u verlossing ervaar,
laat 'n gewillige gees my ondersteun.

## By die HERE is ek veilig

*Psalm 91:1-4*

Hy wat in die beskutting
van die Allerhoogste woon,
sal oornag in die skaduwee
van die Almagtige.
Ek sê vir die HERE:
"My skuilplek, my bergskuiling,
my God op wie ek vertrou!"
Ja, Hy is die Een wat jou red
uit die net van die voëlvanger,

van die dodelike pessiekte.
Met sy vlerke sal Hy jou bedek,
onder sy vleuels sal jy skuiling vind.
'n Skild en 'n skans is sy trou.

## Juig oor God se liefde

*Psalm 103:1-5*

Van Dawid.

Loof die HERE, o my siel,
ja, alles wat in my is,
sy heilige Naam!
Loof die HERE, o my siel,
en moenie enige van sy weldade
vergeet nie –
Hy wat al jou sondeskuld vergewe,
wat al jou siektes genees,
wat jou lewe vrykoop van die graf,
jou kroon met troue liefde
en ontferming,
wat jou begeerte
met die goeie versadig.
Soos 'n arend word jou jeug
dan weer nuut.

## Die HERE beskerm my lewe

*Psalm 121:1-8*

'n Pelgrimslied.

Ek kyk op na die berge:
Waar sal my hulp vandaan kom?
My hulp is van die HERE,
wat hemel en aarde gemaak het.
Hy sal nie toelaat dat jou voet
struikel nie;
jou Beskermer sal nie insluimer nie.

Kyk, die Beskermer van Israel
   sluimer nie in nie en Hy slaap nie.
Die Here is jou Beskermer;
die Here is jou skaduwee
   aan jou regterhand.
Bedags sal die son jou nie skaad nie,
   en snags ook nie die maan nie.
Die Here sal jou beskerm
   teen elke onheil;
Hy sal jou lewe beskerm.
Die Here sal jou uitgaan
   en jou terugkeer beskerm
   van nou af en vir altyd.

## Vertrou op die Here

*Psalm 125:1-2*

'n Pelgrimslied.

Hulle wat op die Here vertrou,
   is soos die berg Sion
   wat nie wankel nie,
   wat vir altyd vasstaan.
Jerusalem word omring deur berge;
die Here omring sy volk
   van nou af tot in ewigheid.

## Die Here bevry my van sondeskuld

*Psalm 130:1-8*

'n Pelgrimslied.

Uit die dieptes roep ek na U, Here.
My Heer, hoor tog my stem,
laat u ore aandagtig luister
   na my smeekbedes.

As U sondeskuld toereken, HERE –
my Heer, wie kan dan staande bly?
Maar by U is daar vergifnis,
   sodat U ontsag afdwing.

Ek wag op die HERE;
my hele wese wag,
en op sy woord vestig ek my hoop.
My hele wese wag op my Heer,
   meer as wagte op die môre,
   ja, wagte op die môre.

Israel, vestig jou hoop op die HERE;
want by die HERE is troue liefde,
by Hom is volkome bevryding.
Dit is Hy wat Israel bevry
   van al sy sondeskuld.

## God is oral by my

*Psalm 139:7-12*

Waarheen kan ek gaan,
   weg van u Gees;
waarheen kan ek vlug,
   weg van u teenwoordigheid?
Klim ek op na die hemel –
   U is daar;
gaan lê ek in die doderyk –
   ook daar is U!
Neem ek die vlerke van die daeraad,
gaan woon ek by die einde van die see;
ook daar sal u hand my lei,
u regterhand my vashou.
En al sê ek,
   "As duisternis my maar net
   wil verberg
   en die lig om my nag word",

is selfs duisternis
nie vir U donker nie,
maar skyn nag so lig soos die dag,
is die duisternis soos die lig.

## Vertrou die HERE volledig

*Spreuke 3:5-6*

Vertrou op die HERE
met jou hele hart –
op jou eie insig
moet jy nie staatmaak nie.
Ken Hom in al jou weë,
en Hy sal jou paaie reguit maak.

## Vertrou op die HERE

*Jesaja 26:3-4*

'n Standvastige gesindheid,
sal U in volkome vrede bewaar,
omdat daar op U vertrou word.
Vertrou te alle tye op die HERE,
want die HERE, die HERE
is 'n ewige rots.

## God se woord is betroubaar

*Jesaja 40:1-8*

"Troos, troos my volk!"
sê julle God.
"Praat mooi met Jerusalem!
Roep haar toe dat haar
gedwonge arbeid voltooi is,
dat haar skuld afbetaal is!
Ja, sy het uit die hand van die HERE

’n dubbele straf ontvang
   vir al haar sondes.”

’n Stem roep:
“Maak in die woestyn
   die pad van die HERE gereed;
maak in die Araba
   ’n grootpad vir ons God gelyk.
Elke dal moet opgevul word,
en elke berg en heuwel
   moet wegsak.
Hobbelrige plekke
   moet gelyke grond word,
en rotsagtige terrein
   moet ’n vallei word.
Die heerlikheid van die HERE
   sal geopenbaar word;
alle mense sal dit gelyktydig sien,
want die mond van die HERE
   het gespreek.”

’n Stem sê toe: “Roep uit!”
En ek vra: “Wat moet ek uitroep?
Alle mense is immers gras;
en al hulle trou is soos ’n veldblom.
Gras verdor, ’n blom verwelk
   wanneer die asem van die HERE
   daarop blaas.
Waarlik, die volk is maar net gras!”

“Ja, gras verdor,
’n blom verwelk,
maar die woord van ons God
   hou stand vir altyd.”

## Die ewige God gee nuwe krag

*Jesaja 40:28-31*

Weet jy dit nie?
Het jy dit nie gehoor nie?
'n Ewige God is die Here,
Skepper van die eindes
  van die aarde.
Hy word nie moeg nie,
Hy raak nie afgemat nie –
ondeurgrondelik is sy insig.
Dit is Hy wat vermoeides krag gee,
  wat lewenskrag vermeerder
  vir dié wat geen vermoëns het nie.
Jong seuns word moeg
  en raak afgemat;
jong manne struikel en val.
Maar wie op die Here wag,
  herwin hulle krag;
hulle kry nuwe vere soos arende.
Hulle hardloop,
maar raak nie afgemat nie,
hulle loop,
maar word nie moeg nie.

## Jy behoort aan die Here

*Jesaja 43:1-3a*

"Maar nou," so sê die Here,
  jou Skepper, Jakob,
  die Een wat jou gevorm het, Israel,
"moenie bang wees nie,
want Ek het jou losgekoop,
Ek het jou op jou naam geroep –
  aan My behoort jy.
As jy deur water moet gaan –
  Ek is by jou,
of deur riviere –

hulle sal jou nie oorspoel nie.
As jy deur vuur moet gaan –
jy sal nie geskroei word nie,
en die vlam sal jou nie brand nie.
Want Ek is die HERE, jou God,
die Heilige van Israel,
jou verlosser."

## Die HERE is genadig en vergewe sonde

*Jesaja 55:6-9*

Soek die HERE terwyl Hy Hom laat vind,
roep Hom aan terwyl Hy naby is.
Die goddelose moet van sy pad afsien,
en die boosdoener van sy planne.
Hy moet na die HERE terugkeer,
sodat Hy hom genadig kan wees,
en na sy God,
want Hy vergeef oorvloediglik.

"Ja, my planne is nie julle planne nie,
en julle paaie is nie my paaie nie,"
is die uitspraak van die HERE.
"Want soos die hemel hoër is as die aarde,
so is my paaie hoër as julle paaie,
en my planne as julle planne."

## Ware geluk

*Matteus 5:3-10*

"Gelukkig is die armes van gees,
want aan hulle behoort
die koninkryk van die hemele.
Gelukkig is dié wat treur,
want hulle sal vertroos word.
Gelukkig is die sagmoediges,

want hulle sal die aarde erf.
Gelukkig is dié wat honger en dors na geregtigheid,
want hulle sal versadig word.
Gelukkig is die barmhartiges,
want hulle sal barmhartigheid ontvang.
Gelukkig is dié wat suiwer van hart is,
want hulle sal God sien.
Gelukkig is die vredemakers,
want hulle sal kinders van God genoem word.
Gelukkig is dié wat vervolg word
ter wille van geregtigheid,
want aan hulle behoort
die koninkryk van die hemele."

## Moet julle nie bekommer nie

*Matteus 6:25-34*

"Daarom sê Ek vir julle, moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle sal eet, of oor wat julle sal drink, of oor julle liggaam, wat julle sal aantrek nie. Is die lewe dan nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? Let op die voëls van die hemel: Hulle saai nie en hulle maai nie, en hulle versamel niks in skure nie. Tog sorg julle hemelse Vader vir hulle. Is julle nie meer werd as hulle nie? Wie van julle kan deur hom te bekommer, een el by sy lewe voeg? En waarom is julle oor klere bekommerd? Let op die wilde narsings, hoe hulle groei. Hulle swoeg nie en hulle spin nie. Maar Ek sê vir julle, selfs Salomo in al sy prag was nie soos een van hulle geklee nie. As God die gras van die veld, wat vandag daar staan en môre in 'n oond gegooi word, so klee, hoeveel te meer nie vir julle nie, kleingelowiges?

"Moet julle daarom nie bekommer en vra, 'Wat sal ons eet?' of 'Wat sal ons drink?' of 'Wat sal ons aantrek?' nie. Dit is immers alles dinge waarna die heidennasies soek. Julle hemelse Vader weet tog wat julle alles nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al

hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Moet julle dus nie bekommer oor die dag van môre nie, want môre sal hom oor homself bekommer. Elke dag het genoeg van sy eie kwaad."

## Gebedsverhoring

*Matteus 7:7-8*

"Vra, en vir julle sal gegee word;
soek, en julle sal vind;
klop, en vir julle sal oopgemaak word.
Want elkeen wat vra, ontvang;
en wie soek, vind;
en vir wie klop, sal oopgemaak word."

## Geloof van 'n onwaardige

*Matteus 8:5-8,13*

Nadat Hy in Kapernaum aangekom het, het 'n centurio Hom genader en smekend vir Hom gesê: "Here, my slaaf lê verlam by die huis en ly baie pyn." Hy het vir hom gesê: "Ek sal gaan en hom genees." Die centurio het geantwoord: "Here, ek is nie werd dat U onder my dak kom nie, maar sê net 'n woord, en my slaaf sal gesond word."

Jesus het toe vir die centurio gesê: "Gaan! Dit sal gebeur net soos jy glo."

En sy slaaf het op daardie oomblik gesond geword.

## Moenie bang wees nie

*Matteus 10:29-31*

"Word twee mossies nie vir 'n assarius verkoop nie? En nie een van hulle sal op die grond val sonder julle Vader nie. En julle – selfs die hare op julle kop is almal getel. Moet dan nie bang wees nie – julle is meer werd as baie mossies."

## Jesus se uitnodiging

*Matteus 11:28-30*

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle, en leer van My, omdat Ek sagmoedig en nederig van hart is, en julle sal rus vind vir julle gemoed. Want my juk is draaglik en my las is lig."

## Genesing van baie siekes

*Matteus 15:30-31*

'n Groot skare het na Hom gekom met verlamdes, blindes, kreupeles, doofstommes en baie ander saam met hulle. Hulle het dié mense by sy voete neergelê, en Hy het hulle gesond gemaak, sodat die skare vol verwondering was toe hulle sien dat doofstommes praat, kreupeles gesond word, verlamdes loop en blindes sien. En hulle het die God van Israel verheerlik.

## Navolging van Jesus

*Matteus 16:24-26*

Toe het Jesus vir sy dissipels gesê: "As iemand My wil navolg, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want wie sy lewe wil red, sal dit verloor, maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind. Wat sal dit 'n mens dan baat as hy die hele wêreld as wins bekom, maar sy lewe verloor? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy lewe?"

## Stilmaak van die storm

*Markus 4:37-39*

'n Hewige stormwind het opgekom, en die golwe het in die boot geslaan, sodat die boot reeds vol water begin word het. Hy self was egter agter in die boot op die kussing aan die slaap. Hulle maak Hom toe wakker en sê vir Hom: "Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?" Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see: "Wees stil, bedaar!" Die wind het gaan lê, en daar het 'n groot kalmte gekom.

## Bediening van Jesus

*Lukas 4:18-22*

"Die Gees van die Here is op My,
omdat Hy My gesalf het
om die goeie boodskap
aan arm mense te verkondig.
Hy het My gestuur om vir gevangenes aan te kondig
dat hulle vrygelaat sal word,
en vir blindes dat hulle weer sal sien,
om onderdruktes te bevry,
en om die genadejaar van die Here aan te kondig."

Hierna het Jesus die boekrol opgerol, dit aan die amptenaar teruggegee en gaan sit. Almal in die sinagoge se oë was stip op Hom gerig. Toe het Hy met hulle begin praat: "Hierdie gedeelte uit die Skrif is vandag vervul terwyl julle daarna geluister het."

Almal het hulle instemming met Hom betuig, en was verwonderd oor die woorde vol genade wat uit sy mond gevloei het. En hulle het gesê: "Is Hy dan nie die seun van Josef nie?"

## Gelykenis van die verlore skaap

*Lukas 15:3-7*

Toe het Hy vir hulle hierdie gelykenis vertel: "Wie van julle wat honderd skape het en hy verloor een van hulle, laat nie die nege-en-negentig in die woestyn agter, en gaan agter die verlore een aan totdat hy hom kry nie? En as hy hom gekry het, tel hy hom met blydskap op sy skouers, en gaan huis toe en roep sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle, 'Wees saam met my bly, want ek het my skaap wat verlore was, weer gekry.' Ek sê vir julle, so sal daar in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer het, eerder as oor die nege-en-negentig regverdiges wat nie nodig het om tot bekering te kom nie."

## Lof aan God vir genesing

*Lukas 17:12-19*

Toe Hy ʼn sekere dorpie binnegaan, het tien melaatse mans Hom tegemoet gekom. Hulle het op ʼn afstand bly staan en uitgeroep: "Jesus, Meester, ontferm U tog oor ons!" Toe Hy hulle sien, sê Hy vir hulle: "Gaan wys julleself vir die priesters." Op pad daarheen is hulle gereinig. Een van hulle het, toe hy sien dat hy gesond geword het, omgedraai en God met ʼn harde stem geloof. Hy het op sy gesig aan Jesus se voete neergeval en Hom gedank. Hy was ʼn Samaritaan. Jesus antwoord hom toe: "Is daar dan nie tien gereinig nie? Waar is die ander nege? Was daar niemand onder hulle te vinde wat omgedraai het om God te loof, behalwe hierdie vreemdeling nie?" Toe sê Hy vir die man: "Staan op en gaan! Jou geloof het jou gered."

## Kindertjies geseën

*Lukas 18:15-17*

Hulle het ook kindertjies na Jesus gebring, sodat Hy hulle kon aanraak. Toe die dissipels dit sien, het hulle die mense berispe. Jesus het hulle egter nader geroep en gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom, en moet hulle nie langer verhinder nie, want die koninkryk van God behoort aan mense soos hulle. Amen, Ek sê vir julle: Wie die koninkryk van God nie soos ʼn kindjie ontvang nie, sal beslis nie daar ingaan nie."

## God se liefde vir die wêreld

*Johannes 3:16-17*

Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. God het immers nie sy Seun na die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom verlos kan word.

## Jesus se lewegewende water

*Johannes 4:13-14*

Jesus het haar geantwoord: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry, maar wie van die water drink wat Ek hom gee, sal tot in ewigheid nooit dors kry nie. Die water wat Ek hom gee, sal in hom 'n fontein van water word wat opborrel tot die ewige lewe."

## Jesus die goeie herder

*Johannes 10:11-16*

"Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape. Die huurarbeider, wat nie 'n herder is nie, en aan wie die skape nie behoort nie, sien die wolf kom, los die skape en vlug – en die wolf vang en verjaag hulle – omdat die man 'n huurarbeider is en nie vir die skape omgee nie. Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie, en my eie ken My, net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken. En Ek lê my lewe af vir die skape. Ek het ook ander skape wat nie van hierdie kraal is nie. Hulle moet Ek ook lei, en hulle sal na my stem luister, en daar sal een kudde wees, en een herder."

## Jesus die weg na die Vader

*Johannes 14:1-7*

"Laat julle harte nie ontsteld wees nie. Glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek voor te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek voorberei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. Julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan." Thomas sê vir Hom: "Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg ken?" Jesus sê vir hom: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. As julle My leer ken het, sal julle ook my Vader ken. En van nou af ken julle Hom, en het Hom reeds gesien."

## Vriende van Jesus se liefde vir mekaar

*Johannes 15:12-17*

"Dit is my gebod: Julle moet mekaar liefhê, net soos Ek julle liefgehad het. Groter liefde as dit het niemand nie, dat iemand sy lewe aflê vir sy vriende. Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel. Ek noem julle nie meer slawe nie, omdat 'n slaaf nie weet wat sy eienaar doen nie. Ek het julle egter vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek by my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het. Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrug te dra, vrug wat blywend is, sodat, wat julle die Vader in my Naam vra, Hy dit aan julle mag gee. Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê."

## Ewige lewe

*Johannes 17:3*

"En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en ook Hom wat U gestuur het – Jesus Christus."

## Geregverdig op grond van geloof

*Romeine 5:1-5*

Omdat ons dan nou op grond van geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in geloof ook toegang verkry tot hierdie genade waarin ons vasstaan, en ons beroem ons op die hoop om deel te kan hê aan die heerlikheid van God. Maar dis nie al nie: Ons beroem ons ook op ons verdrukking, omdat ons weet verdrukking bewerkstellig volharding, en volharding lei tot betroubaarheid, en betroubaarheid tot hoop. En die hoop beskaam nie, want God se liefde is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

# Onwrikbare liefde van God

*Romeine 8:31-39*

Wat sal ons dan hiervan sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons almal oorgelewer het – hoe sal Hy nie ook saam met Hom alles aan ons skenk nie? Wie sal die uitverkorenes van God aankla? God is die Een wat vryspreek! Wie sal ons veroordeel? Dit is Christus Jesus wat gesterf het; meer nog – wat opgewek is, wat ook aan die regterhand van God sit en wat ook vir ons intree. Wat sal ons van die liefde van Christus skei? Swaarkry of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Soos daar geskryf staan:

> "Ter wille van U word ons
> die hele tyd aan die dood uitgelewer,
> word ons as slagskape beskou."

Maar in dit alles is ons selfs meer as oorwinnaars deur Hom wat sy liefde aan ons bewys het. Ek is immers daarvan oortuig dat nóg dood, nóg lewe, nóg engele, nóg magte, nóg teenswoordige, nóg toekomstige gebeure, nóg kragte, nóg hoogte, nóg diepte, nóg enigiets anders in die skepping, ons sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here.

# Volharding, bemoediging, en eenparige lof aan God

*Romeine 15:4-6*

Alles wat vroeër opgeteken is, is tog vir ons tot lering opgeteken, sodat ons hoop kan hê deur die volharding en die bemoediging wat ons uit die Skrif ontvang. En mag die God wat volharding en bemoediging bewerk, gee dat julle onder mekaar eensgesind sal wees, ooreenkomstig die wil van Christus Jesus, sodat julle eenparig, ja, uit een mond, aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, die lof sal bring.

# Lied van die liefde

*1 Korinthiërs 13:1-13*

Al praat ek die tale
   van mense en engele,
maar ek het nie liefde nie,
   dan het ek 'n weergalmende ghong
   of 'n kletterende simbaal geword.
En al profeteer ek,
en begryp ek alle geheime,
en besit ek alle kennis,
en al het ek al die geloof
   om berge te versit,
maar ek het nie liefde nie,
   is ek niks!
Al deel ek al my besittings uit,
en gee ek my liggaam oor,
   sodat ek my daarop kan beroem,
maar ek het nie liefde nie,
   baat dit my niks.

Liefde bly geduldig,
liefde gee om,
liefde is nie jaloers nie,
spog nie,
en is nie verwaand nie.
Liefde tree nie onbehoorlik op nie,
jaag nie eiebelang na nie,
is nie liggeraak nie.
Dit hou nie boek van die kwaad nie,
is nie bly oor onreg nie,
maar is saam bly oor die waarheid.
Dit bedek alles,
glo alles,
hoop alles,
verduur alles.

Liefde faal nooit nie.
Maar profesieë,
dit sal tot 'n einde kom;
of tale, dit sal ophou;
of kennis, dit sal tot niet gaan.
Want ons ken gedeeltelik,
en ons profeteer gedeeltelik,
maar wanneer die volmaakte gekom het,
sal wat gedeeltelik is, ophou bestaan.
Toe ek nog 'n kind was,
het ek gepraat soos 'n kind,
gedink soos 'n kind,
geredeneer soos 'n kind.
Noudat ek volwasse is,
het ek die dinge van 'n kind agtergelaat.
Nou sien ons wel 'n geheimnisvolle beeld,
soos in 'n spieël,
maar eendag van aangesig tot aangesig.
Nou ken ek slegs gedeeltelik,
maar eendag sal ek ten volle ken,
soos ek ten volle geken is.

En nou bly geloof, hoop en liefde,
hierdie drie –
maar die grootste hiervan is die liefde.

## Oorwinning oor dood

*1 Korinthiërs 15:54-58*

En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee word, sal die woord wat geskryf staan, vervul word:
"Die dood is verslind in oorwinning."
"Dood, waar is jou oorwinning?
Dood, waar is jou angel?"
Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde lê in die wet. Maar aan God die dank, wat aan ons die oorwinning

gee deur ons Here Jesus Christus. Daarom, my geliefde broers, wees standvastig en onwrikbaar, en wy julle ten volle aan die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie vergeefs is nie.

## God se bystand in beproewing

*2 Korinthiërs 1:3-5*

Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus, die Vader van barmhartigheid en God van alle bemoediging! Hy bemoedig ons in al ons verdrukkings, sodat ons hulle wat in allerhande verdrukkings verkeer, kan bemoedig met die bemoediging waarmee ons self deur God bemoedig word; want net soos Christus se lyding oorvloedig oor ons kom, so is ook ons bemoediging oorvloedig deur Christus.

## Moed in tydelike verdrukking

*2 Korinthiërs 4:16-18*

Daarom gee ons nie moed op nie, want selfs al vergaan ons uiterlike mens, word ons innerlike mens van dag tot dag vernuwe. Want ons ligte en tydelike verdrukking bewerk vir ons 'n gewigtige en allesoortreffende ewige heerlikheid, terwyl ons nie let op die sigbare nie, maar op die onsigbare dinge; want die sigbare is tydelik, die onsigbare ewig.

## Krag in swakheid

*2 Korinthiërs 12:7b-9*

Daarom, om te keer dat ek opgeblase word, en sodat ek nie hoogmoedig mag word nie, is daar vir my 'n doring in die vlees gegee, 'n engel van Satan, om my met die vuis te slaan. Hieroor het ek die Here drie maal gesmeek dat dit van my moet wyk. Maar Hy het vir my gesê: "My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring." Daarom sal ek my baie liewer op my swakhede beroem, sodat Christus se krag my kan beskut.

# God se krag laat ons die liefde van Christus ken

*Efesiërs 3:14-21*

Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader, van wie elke geslag in die hemel en op aarde sy naam ontvang. Ek bid dat Hy vir julle na die rykdom van sy heerlikheid dít sal skenk:

om deur sy Gees met krag
na die innerlike mens versterk te word,
sodat Christus deur die geloof
in julle harte mag woon,
terwyl julle in die liefde
gewortel en gegrond is,
sodat julle volledig in staat mag wees
om saam met al die heiliges
tot die besef te kom
van die breedte en die lengte
en die hoogte en die diepte,
ja, om die liefde van Christus te leer ken,
wat alle begrip te bowe gaan,
sodat julle gevul mag word
met al die volheid van God.

Aan Hom, wat deur sy krag wat in ons werk, die mag het om oneindig meer te doen as alles wat ons bid of dink, aan Hom kom toe die heerlikheid in die kerk en in Christus Jesus, deur alle geslagte heen, vir ewig en ewig. Amen.

# Allesoortreffende vrede van God

*Filippense 4:4-9*

Verbly julle altyd in die Here! Ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby. Moet oor niks bekommerd wees nie, maar maak in alles julle versoeke deur gebed en smeking met danksegging aan God bekend. En die vrede van God, wat alle begrip oortref, sal in Christus Jesus oor julle harte en gedagtes waak.

Verder, broers,
alles wat waar is,
alles wat eerbaar is,
alles wat reg is,
alles wat rein is,
alles wat lieflik is,
alles wat lof verdien,

ja, watter deug of watter prysenswaardige saak daar ook mag wees: rig julle gedagtes daarop. Wat julle van my geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het: hou aan om dit te doen. En die God van vrede sal met julle wees.

## Heilige Skrifte gee wysheid tot verlossing

*2 Timoteus 3:14-17*

Maar jy, bly jy by dit wat jy geleer het en waarvan jy vas oortuig is, omdat jy weet by wie jy dit geleer het, en omdat jy van kleins af die Heilige Skrifte ken wat jou die wysheid kan gee tot verlossing deur die geloof in Christus Jesus. Elke Skrifdeel is deur God geïnspireer en is nuttig vir onderrig, weerlegging, teregwysing, en opvoeding om God se wil te gehoorsaam, sodat die mens wat aan God behoort, bekwaam kan wees, ten volle toegerus vir elke goeie taak.

## Toerusting deur die God van vrede

*Hebreërs 13:20-21*

En mag die God van vrede, wat die groot Herder van die skape, ons Here Jesus, uit die dood uitgelei het deur die bloed van die ewige verbond, julle toerus met alles wat goed

is, sodat julle sy wil kan doen, terwyl Hy in ons dit doen wat voor Hom welbehaaglik is, deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid behoort, vir ewig en ewig! Amen!

## Lewende en blywende woord van God

*1 Petrus 1:23-25*

Julle is immers weer gebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad – deur die lewende en blywende woord van God. Want:

Elke mens is soos gras,
en al sy prag soos 'n veldblom:
die gras verdroog
en die blom val af;
maar die woord van die Here
bly tot in ewigheid –

en dit is die evangeliewoord wat aan julle verkondig is.

## 'n Lewe in die liefde van God

*1 Johannes 4:7-12*

Geliefdes, laat ons mekaar liefhê,
want die liefde is uit God,
en elkeen wat liefhet,
is uit God gebore
en ken God.
Wie nie liefhet nie,
het God nie leer ken nie,
want God is liefde.
Hierin is die liefde van God
aan ons geopenbaar:
dat God sy unieke Seun
na die wêreld gestuur het,
sodat ons deur Hom kan leef.
Hierin bestaan die liefde:
nie dat ons God liefgehad het nie,
maar dat Hy ons liefgehad het,

en sy Seun gestuur het
as versoening vir ons sondes.

Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ook óns mekaar lief te hê. Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons, en het sy liefde in ons tot vervulling gekom.

## Ons Vader

*Matteus 6:9-13*

"Só moet julle dan bid:
"Ons Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word.
Laat u koninkryk kom.
Laat u wil geskied,
soos in die hemel,
so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood.
En vergeef ons ons skulde,
soos ook ons hulle vergeef
wat teenoor ons skuldig staan.
En bring ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk
en die krag en die heerlikheid
tot in ewigheid. Amen."

Uitgegee en versprei deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za
BibleSA
**Laai ons Bybel-apps hier af.**